

**27 Oktober**

**Romeine 6:13**

***Kind van God, maar diensbaar aan God?***

Ons weet dat die mens nie uit homself in staat is om God te dien en selfs om hom na God te keer nie. Nie voordat God deur sy lewewekkende krag hom daartoe bring nie. Dit is egter net so waar dat in die hele Bybel God se kinders opgeroep word om Hom te dien. En dat dit dan die kind van God se verantwoordelikheid is om tot die daad oor te gaan. In hierdie Skrifgedeelte is dit ook so. Onder die genade van God en onder leiding van God se Gees, moet die gelowige al sy lede, sy hele liggaam tot die beskikking van God stel. God het ons lewend gemaak sodat ons Hom kan dien. Daarmee wil ek nou graag terugkom op die vraag wat ons aan die begin vir mekaar gevra het: Hoe gemaak met die louheid in die kerk - met die verskynsel dat mense God as Vader bely, Jesus as Verlosser, maar tog nie werklik diensbaar is nie? Die eerste antwoord is 'n hartgrondige bekering weg van die dadeloosheid, liefdeloosheid. Die tweede deel van die antwoord is dat ons eenvoudig ons liggaam tot beskikking van God moet stel sodat Hy dit in sy diens kan gebruik soos Hy wil: My voete om te loop na wie Hy wil; my hande om te werk waar Hy wil (waarskynlik in diens van my naaste); my mond om te troos of te vermaan waar Hy wil; my teenwoordigheid waar dit nodig is; my oë en ore waar Hy dit wil gebruik. Die hoogste verpligting en vreugde in God se diens is om nie net kind van God genoem te word nie, maar werklik diensbaar vir Hom te wees.

Sing: Psalm 116:1,10      Ds. J.L. du Plooy (Potchefstroom-Noord)